
# SKAKEL

Gereformeerde kerk **Magol**

"En wat julle ook al doen, doen dit van harte soos vir die Here en nie vir mense nie".
Kol. 3: 23


| | | |
|---|---|---|
| Eredienstye op Sondae: 10:00 | Kantoorure: Maandae, Dinsdae & Vrydae: 08:00-13:00 *(gesluit tydens skoolvakansie)* | |
| Kantoor no: 079 804 5542 | E-pos: admin@gerefkerkmagol.co.za | Webblad: www.gerefkerkmagol.co.za |


***DATUM:*** *16 Februarie 2025*

## Kollektes

**Vandag**
**Swart sakkie:** Emeritaatsversorgings fonds
**Rooi sakkie:** Diens van Barmhartigheid

**Volgende week**
**Swart sakkie:** Thusofonds
**Rooi sakkie:** Diens van Barmhartigheid

## Eredienste

**Vandag:** 10:00 & 18:00

**Volgende week:** 10:00 & 18:00

## Diensbeurte

**Vandag:** Ow. 17/19 & Ow. 18

**Volgende week:** Tafelkop & Tambotie

## Bybelstudie

**Maandag:** 19:00 by die kerk

*Die 1ste brief aan Timoteus*

## Vergaderings

**Donderdag:** Projektekommissie

## Huisbesoek

**Komende week:** Ell. 06

Dr. Christiaan se huisbesoek is vooruit op die jaarprogram geskeduleer. Maak asseblief 'n aantekening op jou dagboek wanneer dit jou wyk se beurt is.

## Katkisasie

**Vandag:** Geen a.g.v. nagmaal

**Volgende week:** Les 4

**Woensdag:** 14:30 H/S Kategese
***(let asseblief op dat tyd verander het)***

## Skinkbeurte

**Volgende week:**
**Tafelkop**
Ona Botha, Adri de Klerk, Leoni Kruger, Jolanda Pretorius & Martie Wolfaardt.

**Tambotie**
Esther de Beer, Elsa Erasmus,
Christine janse van Vuuren,
Kobie janse van Vuuren
& Lara janse van Vuuren.

## **Verjaarsdae...** vir **komende week**

| | | |
|---|---|---|
| 18de | Hermiene du Toit | Ow. 11 |
| | Josef Strydom | Ell. 06 |
| 19de | Theunes van Staden | Hdal/Sbp |
| 22ste | Dawie du Plessis | Ell. 06 |

*Mag die seën van die Here op jou rus in jou nuwe lewensjaar sodat die meetsnoere vir jou op lieflike plekke val en jou erfenis mooi sal wees!*

# DOPPERNAGFEES 30 Mei

Lyste vir skenkings is per whatsapp uitgestuur en daar is ook lyste in voorportaal en op glastafel in saal beskikbaar, kerkkantoor kan ook gekontak word vir enige navrae. Hulp is ook baie nodig met al die reëlings asook die dag van fees. As jy en jou gesin/vriende kans sien om 'n stalletjie te organiseer of by te help, moet nie skaam wees nie, laat weet asseblief. Inligting van vleis skenkings moet asseblief nou al deurgegee word om beplanning te vergemaklik.

## Datums van belang vir 2025...sover

**Februarie**

| | |
|---|---|
| 16de | Nagmaal |
| 20ste | Projektekommissie |
| 23ste | Diakonie vergadering |
| 27ste | Projektekommissie |

**Maart**

| | |
|---|---|
| 1ste | Susters: Damestee |
| 2de | Jeug: Koffiekroeg |
| 6d | Projektekommissie |
| 7de | Jeug: Waterkaskenades |
| 14de | Hamburger & Tjipsaand |
| 16de | Broodjieaand |
| 28ste | Susters: Wegneem-ete |

**April**

| | |
|---|---|
| 10de | Evangelisasie kommissie |
| 13de | Breë-kerkraad |
| | Sustersbestuur |
| | Jeug: Koffiekroeg |
| 15de | Katkisasiekommissie |
| | Finansielekommissie |
| | Eiendomskommissie |
| 22ste | Jeugkommissie |
| 24ste | Projektekommissie |
| 25ste | Jeug: Wegneem-ete |

**Mei**

| | |
|---|---|
| 8ste | Projektekommissie |
| 10de | Susters: Fondsinsameling |
| 11de | Voorbereiding |
| | Ouderling vergadering |
| | Jeug: Koffiekroeg |
| 15de | Projektekommissie |
| 16de | Jeug: Aksie |
| 18de | Nagmaal |
| | Gemeente-ete |
| 22ste | Projektekommissie |
| 25ste | Diakonie vergadering |
| 29ste | Hemelvaart erediens |
| 30ste | Doppernagfees |

**Junie**

| | |
|---|---|
| 1ste | Jeug: Koffiekroeg |
| 16de | Jeug: Jeugstap |
| 22ste | Broodjieaand |
| 27ste | Susters: Wegneem-ete |

# Preekvoorligting Sondag 16 Februarie 2025

## Oggend erediens

**<u>Sing:</u>** Ps. 96:1,2,4; Ps. 96:5; Ps. 34:5,6; Skr. 45:4,8; Ps. 23:3; Ps. 116; Ps. 111:1,4.

**<u>Lees:</u>** Hag. 2:1-9

**<u>Teks:</u>** Hag. 2:4-5

**<u>Tema:</u> Die Here versterk ons sodat ons in gehoorsaamheid en met vertroue kan werk**

### *Ons bemoediging*

In die tyd van Haggai moet die volk weer opgeskerp word om met die heropbou van die tempel voort te gaan. Hulle moet hulle self ondersoek en sien dat die nabyheid en die teenwoordigheid van die Here nie meer die sentrale plek in hulle daaglikse lewe ingeneem het nie. Maar die Here gee hulle nie net die opdrag nie, Hy bemoedig hulle om sterk te wees. Hierdie bemoediging vind ons dikwels wanneer Israel voor groot uitdagings en momente in hulle volkslewe te staan kom. Tog kan hulle terugkyk en sien hoe die Here hulle bewaar het en hulle versterk het.

### *Ons roeping*

Die volk kan terug kyk en in hulle geestesoog sien hoe goed die tempel was en deur die herinnering versterk word vir die taak. Wanneer die Here egter sy volk versterk roep Hy hulle ook nou op om te werk. Die werk aan die herbou van die tempel moet voort gaan sodat die simbool van die Here se teenwoordigheid weer duidelik kan word. Die werk wat ons daagliks in die koninkryk van die Here verrig kan ons alleen aanpak in vertroue op die Here. Omdat hy ons versterk weet ons ons werk nie uit eie krag of vir ons eie eer nie, maar alleen tot sy verheerliking.

### *Ons versekering*

Die bemoediging en die roeping wat die Here aan ons gee, berus op die wonderlike sekerheid dat Hy getrou is aan sy verbond. Die werk wat ons daagliks in die Here se koninkryk doen staan altyd in die lig van dit wat Christus in sy volmaakte gehoorsaamheid aan die kruis gedoen het. Sy liggaam is gebreek en sy bloed het gevloei sodat ons opnuut verseker kan wees van die Here se teenwoordigheid in ons midde. In hierdie nagmaal word ons versterk om met die werk te kan voortgaan.

# Preekvoorligting Sondag 16 Februarie 2025

## Aand erediens

**Sing:** Ps. 106:1,2; Ps. 40:4; Ps. 89:1,8.

**Lees:** Heb. 2:1-18; Son 5.

**Teks:** Heb. 2:17; Son 5.

**Tema: Ons kan alleen deur die betaling van ons Middelaar van al ons sonde vergewe word.**

### *Vergewing vereis betaling*

Ons kan uit die Skrif weet dat ware geloof 'n gewisse kennis is van die dinge wat ons hoop en 'n vaste vertroue op die dinge wat ons nie sien nie. Geloof is dus nie net vertroue dat ons gered is nie, maar ook kennis van ons ellende verlossing en dankbaarheid. Voordat ons egter by die kennis van ons verlossing kom moet ons eers verstaan wat met die geregtigheid van God bedoel word. Toe ons in sonde geval het, het ons die reg van die Here in gedrang gebring. Om vergewing te ontvang moet daar dan eers weer aan sy reg voldoen word.

### *Betaling vereis vermoë*

Die vraag kom dan na vore wie aan hierdie betaling kan voldoen. Die Kategismus fokus eers alles en almal wat nie die vermoë het om aan die eis van die Here te voldoen nie. Dit waaraan voldoen moet word is die eise van die Here se wet. In ons kategismus word daar twee moontlikhede gestel om aan hierdie betaling te voldoen. Die een is onsself en die ander is of daar enige ander skepsel is wat aan die eis van die Here kan voldoen. Die antwoord is 'n eenvoudige "nee" want onsself en alles in die skepping is deur die sonde besmet.

### *Onvermoë vereis 'n Middelaar*

Wanneer onsself en niks anders in die skepping aan die eis van die Here kan voldoen nie blyk dit dat ons in 'n hopelose situasie verkeer. Iemand moet betaal sodat daar vir ons verlossing kan wees. Daar moet dus 'n middelaar vir ons intree wat waarlik mens is, want dit is die mens wat gesondig het en sy sonde daagliks nog meer maak. Hy moet ook waarlik God wees, want geen skepsel kan aan die prys voldoen wat die Here eis nie. Hierdie middelaar is ons Here Jesus Christus.